ATKV-betrekkings

ATKV-Natalia

Bespreking- en ontvangsklerk

Die ATKV is ’n dinamiese en snelgroeiende Afrikaanse kultuurorganisasie en het ’n vakature vir ’n gekwalifiseerde bespreking- en ontvangsklerk by sy vakansieoord ATKV-Natalia.

Die ATKV volg ’n gelyke-indiensnemingsbeleid.

Vereistes:

- Ten minste ’n graad 12-sertifikaat met ondervinding as ontvangs- en besprekingsbeampte.
- Rekenaarvaardig spesifiek in besprekingstelsels en die Microsoft-produkreeks, en kennis van INNkeeper sal tot voordeel wees.
- Goeie administratiewe vaardighede, menseverhoudings en onderhandelingsvermoë.
- Goeie taalvaardigheid en kommunikasievermoë in Afrikaans en Engels.
- Bereidwilligheid om na-uurs te werk vir inbespreking van kliënte en die hantering van klagtes en probleme.

Die vernaamste verantwoordelikhede is:

- Die neem, maak en opvolg van besprekings by die oord.
- Hantering van aanlyn besprekingsnavrae en administrasie.
- Invordering van uitstaande deposito’s.
- Die ontvang en inbespreking van kliënte en gaste.
- Administrasie van besprekings en vaslegging van rekords op die rekenaarstelsel.

As jy vir so ’n dinamiese organisasie wil werk, stuur jou volledige CV aan:

Betrekkings by NABetrekkings@atkv.org.za
ATKV-Natalia, Posbus 76, Amanzimtoti, 4125

Aansoeke moet ATKV-Natalia voor **23 Januarie 2023 om 12:00** bereik.
Gebruik **NAADMIN03** as verwysing.
Geen behuising sal verskaf word nie.

As jy 4 weke ná die sluitingsdatum nog nie van die ATKV gehoor het nie, was jou aansoek onsuksesvol.